CMV
Ouditeure (Pretoria) Ingelyf
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) • Chartered Accountants (SA)

17 Midas Ave / Midaslaan 17
Olympus, 0081, Pretoria
Posbus 39027
Moreletapark, 0044
Tel: 0861 268 268
012 991 4400
Fax: 0861 268 329
012 991 3001
info@cmv.co.za

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR AAN DIE LEDE VAN VRIENDE VAN MORELETAKLOOF (NPC)**

Ons het die finansiële jaarstate van die maatskappy geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die direkteursverslag, die balansstaat soos op 28 Februarie 2014, die inkomstestaat, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge soos op bladsy 1 tot 5 uiteengesit.

*Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Finansiële State*
Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp,implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

*Ouditeur se Verantwoordelikheid*
Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Standaarde op Oudits uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur die direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

*Mening*
Na ons mening is die finansiële state, soos op bladsy 1 tot 5 uiteengesit, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike aanbieding van die finansiële stand van die maatskappy op 28 Februarie 2014 en van die maatskappy se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

**CMV OUDITEURE (PRETORIA) INGELYF**
**GEREGISTREERDE OUDITEURE**

**PRETORIA**
**23 Oktober 2014**

**FRIENDS OF MORELETA KLOOF (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)**

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014**

**INHOUD** BLADSY


| | |
|---|---|
| Verslag van die direkteure | 2 |
| Balansstaat | 3 |
| Inkomstestaat | 4 |
| Aantekeninge tot die finansiële state | 5 |


**GOEDKEURING**

Die finansiële state wat op bladsy 1 tot 5 verskyn, is op ____________ 2014 deur die direkteure goedgekeur.

**A MEYER**

**JJ VISSER**

**DE VAN HELSDINGEN**

**J DU PLESSIS**

**SW VAN DER MERWE**

## FRIENDS OF MORELETA KLOOF (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)

## VERSLAG VAN DIE DIREKTEURE OP 28 FEBRUARIE 2014

Die direkteure bied hulle jaarverslag aan, wat deel vorm van die finansiele state van die maatskappy vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014

### ALGEMENE OORSIG

Die maatskappy is 'n vereniging wat ingelyf is kragtens Artikel 21 van die Maatskappywet. Die maatskappy se bedrywighede behels die ontwikkeling, instandhouding en bedryf van die Moreletakloof Natuurreservaat in belang van die omliggende gemeenskap en die algemene publiek.

Die bestaande direkteure is die keuse gelaat om aan te bly of te bedank. Geen aangeleentheid wat wesenlik is vir die finansiële sake van die maatskappy het tussen 28 Februarie 2014 en die goedkeuringsdatum van hierdie finansiële state plaasgevind nie.

### VERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING

Die direkteure is verantwoordelik vir die handhawing van toereikende rekeningkundige rekords, sowel as die opstel en volledigheid van die finansiële state en verwante inligting. Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en op die wyse wat deur die Maatskappywet, wet 61 van 1973, vereis word.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die maatskappy se stelsel vir interne finansiële beheer. Dit is ontwerp om redelike, maar nie absolute sekerheid nie, ten opsigte van die betroubaarheid van die finansiële state te bied en bates toereikend te beveilig, te kontroleer en verantwoordelikheid daarvoor te handhaaf, sowel as om wanverklarings en verlies te verhoed en op te spoor. Die direkteure het nie van enigiets verneem wat 'n aanduiding kon wees dat enige wesenlike gebrek ten opsigte van die funksionering van die beheermaatreëls, prosedures en stelsels gedurende die oorsigjaar plaasgevind het nie.

Die finansiële state is op die grondslag van die lopende onderneming opgestel aangesien die direkteure alle rede het om te glo dat die maatskappy oor voldoende middele beskik om sy bedrywighede vir die afsienbare toekoms voort te sit.

### FINANSIËLE RESULTATE VIR DIE JAAR

Die finansiële resultate word volledig in die aangehegte state uiteengesit.

### DIREKTEURE

Vir die volle periode waaroor verslag gedoen word en op die datum van hierdie verslag was die volgende persone die direkteure van die Maatskappy:

A Meyer - Aangestel as direkteur op: 12 Oktober 2005
JJ Visser - Aangestel as direkteur op: 17 Maart 2009
DE van Helsdingen - Aangestel as direkteur op: 17 Maart 2009
J du Plessis - Aangestel as direkteur op: 29 Mei 2012
SW van der Merwe - Aangestel as direkteur op: 29 Mei 2012

### GEREGISTREERDE KANTOOR

17 Midaslaan
Olympus
0081

### REKENMEESTERS

CMV Rekenmeesters Ingelyf
Posbus 39027
Moreletapark
0044

### OUDITEURE

CMV Ouditeure Pretoria Ingelyf
Posbus 39027
Moreletapark
0044

### MAATSKAPPY BESONDERHEDE

Registrasie nommer: 1997/015983/08

## FRIENDS OF MORELETA KLOOF (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)

## STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 28 FEBRUARIE 2014

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Bedryfsbates** | **7 073.01** | **297 072.01** |
| Kontant en kontantekwivalente | 7 073.01 | 297 072.01 |
| **TOTALE BATES** | **R 7 073.01** | **R 297 072.01** |
| | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **7 073.01** | **297 072.01** |
| Opgehoopte fondse | 7 073.01 | 297 072.01 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | **R 7 073.01** | **R 297 072.01** |

**FRIENDS OF MORELETA KLOOF (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)**

**STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014**

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| **INKOMSTE** | **28 662.80** | **204 670.81** |
| Ledegeld | 6 250.00 | 4 410.00 |
| Donasies ontvang | 22 191.11 | 199 996.00 |
| Rente inkomste | 221.69 | 264.81 |
| **MIN: UITGAWES** | **318 661.80** | **19 048.36** |
| Advertensie en bemarking | 0.00 | 0.00 |
| Bankkostes | 1 901.50 | 1 381.80 |
| Beton bankies | 0.00 | 4 890.00 |
| Friends forum | 3 192.00 | 0.00 |
| Gassprekers | 650.00 | 0.00 |
| Instandhoudingskoste - Algemeen | 5 458.63 | 1 888.78 |
| Instandhoudingskoste - Palisade | 16 940.01 | 0.00 |
| Kaartleser | 4 658.43 | 889.96 |
| Posbus huur | 0.00 | 0.00 |
| Rolstoelprojek | 278 229.80 | 0.00 |
| Skryfbehoeftes | 3 225.00 | 0.00 |
| Toilethuur | 2 604.84 | 8 480.00 |
| Trofee opgradering | 0.00 | 400.00 |
| Versekering | 1 201.59 | 542.82 |
| Verversings en onthaal | 0.00 | 0.00 |
| Wessa betaling | 600.00 | 575.00 |
| **NETTO SURPLUS / (TEKORT)** | **R (289 999.00)** | **R 185 622.45** |

**FRIENDS OF MORELETA KLOOF (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2014**

## 1 REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële state is volgens die historiese koste grondslag opgestel en inkorporeer die volgende rekeningkundige beleid van die bedryf. Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die standpunte van die Suid-Afrikaanse Rekeningkundige Praktyk behalwe waar anders aangetoon.

### 1.1 INKOMSTE

Inkomste word verteenwoordig deur skenkings en donasies.

### 1.2 KONTANTVLOEISTAAT EN STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

In teenstelling met Algemeen aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, word geen kontantvloeistaat of staat van verandering in ekwiteit aangebied nie.